# Les 14 DIE HERE IS VIR ONS GOED AL KAN ONS NIE GOED DOEN NIE

## 1. Jesus is vir ons gekruisig

Verlede keer het ons gesien dat Jesus vir ons gekruisig is. Dit was God se plan dat Jesus vir ons gekruisig moes word. Ons het ook gesien hoekom dit so belangrik is dat die Here vir ons gekruisig is. Jesus se kruisiging is die manier waarop Jesus deur God die Vader sleg behandel word, en die manier waarop God die Vader sleg is vir Jesus.

En dit is nie ons skuld nie!

Ons mag nooit sleg voel of sleg dink omdat Jesus vir ons gekruisig is nie. Jesus se kruisiging wys God het besluit om vir Jesus sleg te wees en om dit met Hom sleg te laat gaan. Jesus het sélf aanvaar dat Hy gekruisig moet word. Hy het dit nie gedoen om ons sleg te laat voel of om ons skuldig te maak nie. Jesus se kruisiging is God se plan vir ons. Dit is God se goeie plan vir ons. Dit is God se plan om ons te help. Dit is nie God se plan om ons sleg of skuldig te maak nie
.

## 2. Mense kan nie self vir God goed doen of goed lewe nie

Kyk hoe wys die Bybel hoe moet ons goed wees en goed doen volgens die Here se wil*: "Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie."* (Gal. 3)

As ons self vir God goed wil wees en goed wil doen, dan moet ons goed wees en goed doen soos die Here sê ons moet. Kyk hoe sê die Here moet ons goed doen as ons self goed wil wees vir die Here. Ons moet stiptelik alles doen wat die Here in Sy wet vir ons sê om te doen.

Stiptelik alles doen, beteken ons moet altyd alles net soos die Here dit sê, doen. Ons moet altyd ons ouers presies eer en gehoorsaam soos die Here sê. Net bietjie anders of net een keer verkeerd, is heeltemal sleg. Só? Dit beteken dat as jy self vir die Here goed wil wees en goed wil doen, dan mag jy nie eenkeer vir jou ouers ongehoorsaam wees nie, en nie eenkeer dikmond wees nie, en nie eenkeer kwaad word nie, en nie eenkeer sleg dink van hulle nie.

Om self vir die Here goed te wil wees, moet ons alles stiptelik doen soos die Here sê! Wie van julle kan so wees? Kan julle altyd alles stiptelik doen soos die Here sê? Nie een van julle kan nie. Maar dan beteken dit mos julle kan nie self goed wees en goed doen vir die Here nie.

## 3. Die Here draai die manier waarop Hy goed en sleg is vir mense, om

Jesus is vir ons sondes gekruisig. Dit is God se manier om die manier waarop Hy goed en sleg is vir mense, om te draai.

Die Here het alles stiptelik gedoen wat God die Vader van Hom gevra het. Hy was self goed, omdat Hy alles altyd reg gedoen het vir die Vader. Die Here Jesus het nooit eenkeer iets verkeerd gedoen nie. Maar kyk wat gebeur met Hom: *"d13Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is."* God is sleg en behandel Jesus sleg. Hoekom? Want Hy hét alles goed gedoen en goed geleef – stiptelik soos God gesê het?

Kyk wat sê die Bybel! Die Here is in ons plek vervloek. Die slegte behandeling wat óns moes kry, het die Hére in ons plek gekry. En wat gebeur met ons as ons sleg is en sleg doen? *"Daardeur kan ook hulle wat nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het."* Ons is nie Jode nie. Ons is Afrikaners. Maar ons kry deel aan die seën wat Jesus moes gekry het. Hy het alles stiptelik gedoen en daarom moes God vir Jesus goed gewees het. Maar nou kry ons die goeie behandeling wat Jesus moes gekry het.

Kyk hoe draai die Here dit om! God is sleg vir Jesus wat alles reg en stiptelik doen, sodat God vir óns goed kan wees, wat nie self goed kan leef en goed kan doen soos die Here vir ons wys hoe om stiptelike alles te doen wat Hy sê nie.

Syne is myne en myne is Syne.

Die goedheid van God wat Jesus moes kry, kry óns, en die slegtheid van God wat ons moes kry, kry Jesus. Syne is myne en myne is syne. Dit is hoe God se plan vir ons werk. Hy word gekruisig sodat God goed kan wees vir mense wat nie self goed kan wees nie.

**4. God is goed vir slegte mense**

Die Here verlos ons van ons sonde. Verlos beteken Hy maak ons los van ons probleem. Die probleem wat ons het, is dat ons nie goed kan wees en goed kan leef nie. God moet eintlik baie sleg wees en sorg dat dit sleg gaan met mense wat nie goed is en goed leef nie.

Maar die Here se kruisiging verlos ons. Want met die Here se kruis, draai Hy alles om. Nou is God goed vir slegte mense: mense wat sleg leef en slegte dinge doen. Dit is hoe lief die Here ons het. Hy is vir ons áltyd goed, al doen ons slegte dinge en kan ons nie self vir Hom goed wees en goed leef nie.

Daar is niks slegs wat ons as kinders van die Here kan doen, wat sal maak dat God besluit om vir ons sleg te wees en ons sleg te behandel nie. Die Here seën ons altyd. Hy sal ons nooit weer vervloek nie.

Daarom mag ons nooit weer só dink nie: "As ek nie goed is nie, sal die Here dit met my en my lewe laat sleg gaan". Want die Here is goed vir Sy kinders al is hulle sleg en doen hulle slegte dinge.

**5. Ons moet gló dat Jesus se kruis alles omdraai**

Vir wie is God goed? Vir wie seën die Here? Nie sommer vir almal nie. Kyk wat leer die Woord van die Here ons: *"Dit is dus dié wat glo, wat saam met die gelowige Abraham geseën word."* (Gal. 3)

Om in die Here te glo, beteken dat ons gló Hy draai vir ons alles om. Hy doen alles stiptelik wat God sê, maar God vervloek Hom vir alles wat ons nie stiptelik doen nie. Ons doen nooit enige iets stipteliks wat God vir ons sê nie, maar God seën ons met die seën wat Jesus moes kry omdat Hý alles stiptelik doen.

Wie gló dat die Here alles omdraai met Sy kruisiging, word altyd deur God net geseën, al is hulle self sleg en al kan hulle nooit self goed doen nie. Om te glo dat die Here vir jou sondes gekruisig is, beteken om te glo dat die Here met Sy kruis alles vir jou omdraai om anders te werk as wat dit vir ander mense werk.

Kinders van die Here glo: al kan ons nie goed doen of vir die Here goed leef nie, seën Hy ons altyd, is Hy altyd goed vir ons en sorg God dat Hy vir ons goed is.

Kinders van die Here glo: al is ons sleg en doen ons slegte dinge, sal die Here nooit vir ons sleg wees en ons sleg behandel nie. Jesus is in ons plek vir ons sleg behandel sodat dit nooit met ons sal gebeur nie.

**6. Ongeloof is om alles wat God doen, om te draai**

Wanneer is ons ongelowig? Wanneer glo ons nie in die Here nie? Dit is wanneer ons alles wat die Here met Sy kruisiging vir ons doen, omdraai.

Ons is ongelowig wanneer ons glo dat wanneer ons goed doen, God vir ons goed sal wees. Ons is ongelowig wanneer ons glo dat wanneer ons sleg is en sleg doen, die Here vir ons sleg gaan wees.

Hoekom is dit ongelowigheid?

Want op hierdie manier glo ons nie meer dat die Here vir ons gekruisig is nie. Ons glo nie meer dat die Here met Sy kruisiging die manier waarop God vir mense goed en sleg is, omgedraai het nie.

Ons glo in Jesus. Ons glo Jesus is vir ons sondes gekruisig. Ons glo die Here is vir ons goed, al is ons self sleg en doen ons slegte dinge. Ons glo dat God ons nooit sal vervloek omdat ons nie self goed kan wees nie.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het

__________________________________Handtekening: ouer of voog